AfriForum se boerewors 'veg teen hanswors'

Mia Willemse

Lede van die publiek werk saam om die boerewors van 234 m, wat AfriForum eergister by die Jacaranda Nasionale Kunstefees gebraai het, gelyktydig op te tel, te draai en neer te sit.
Foto: CRAIG NIEUWENHUIZEN

Op die ritme van 'n konsertina-deuntjie het AfriForum eergister gepoog om die langste boerewors ter wêreld op die kole te gooi.

Dit om geld in te samel vir hul opkomende stryd in die gelykheidshof teen mnr. Julius Malema, die ANC-jeugleier.

"Ons braai vandag boerewors om 'n stryd teen 'n hanswors te wen," het mnr. James Kemp, 'n organiseerder en 'n woordvoerder van AfriForum, grappenderwys gesê.

AfriForum hét al onlangs 'n oorwinning gevier met die beslaglegging op 'n R2 miljoen-eiendom van die Zimbabwiese regering in Kenilworth, Kaapstad.

Hulle daag Malema vandeesmaand in die hof.

Dié burgerregte-waghond het eergistermiddag tydens die Jacaranda Nasionale Kunstefees in Pretoria 'n boerewors van 234 m gebraai.

Dit was 'n gesamentlike poging tussen AfriForum, die Groenkloof Ooslaghuis en die feeskomitee.

AfriForum het die gaar wors teen R10 'n stuk aan feesgangers verkoop.

Die roosters, elk met 'n spesiale plaatjie wat sê wat op die dag gebeur het, is vir R200 verkoop.

40 mense moes saamwerk om die roosters, wat aan mekaar vas gemaak was, op die kole te sit en elke nou en dan om te draai.

AfriForum gaan probeer om dié poging as 'n Guinness-wêreldrekord te laat registreer.

Volgens mnr. Johan Kotze, die uitvoerende hoof van die fees, is daar boek gehou van al die vleis en bestanddele wat gebruik is om die wors te maak en gaan dié inligting en foto's aan die *Guinness World Records* gestuur word. "Daar is nie tans 'n rekord vir gaar wors nie, maar wel een vir rou wors van 100 m. Ons het besluit om 'n behoorlike *statement* op hierdie fees te maak," het Kotze gesê.

Daar was egter 'n oomblik van benoudheid toe 'n deel van die braaier gebreek het. "Vir die poging om te slaag mag die wors nie breek nie. Ons moes die braaier vinnig regmaak om teleurstelling te voorkom," het Kemp gesê.

Volgens Kotze is boerewors gekies omdat dit 'n groot deel van Afrikanerkultuur is.